Publication: Landbouweekblad

Date: Thursday, October 14, 2021

Page: 6

LBW Anderkant die reënboog



# Breek weg

Dis 'n jaarlikse pelgrimstog. 'n Paar dae langs die Oranjerivier. Ek, my laaities, hopelik 'n paar fris grootbekgeelvisse, en die stilte.

Die vlakte onder die Anenouspas tussen Steinkopf en Port Nolloth is kaler as 'n jaar vantevore. Plek-plek stoot dit reeds klein rooi duine. Watter planne kan nog gemaak word ná agt jaar se droogte?

By Alexanderbaai draai jy regs en ry met 'n sinkplaatpad al langs die Oranjerivier na die park. Die beskeie nuwe wingerde wat aangelê word, is opvallend.

Binne die park weet jy sommer Akkedispas, tussen Sendelingsdrif en ons kampeerplek by De Hoop, se hange gaan vanjaar ook 'n bietjie kaler wees. 'n Eggo van wat dit eens was, toe ons vir die eerste keer agt jaar gelede die pas aangedurf het tussen kokerbome gehul in geel blomme.

By die werk is dit omtrent die slegste tyd van die jaar om weg te wees.

Dit is die naweek voor die bekendstelling van ons nuwe digitale tuiste. Rekenaars, fone, noem maar op, ons sal daar wees.

Ons digitale uitgewer, Corli van der Merwe, moes die Vrydag deurnag werk om seker te maak ons nuwe digitale tuiste bly staande wanneer hulle die knoppie aanskakel.

Onder meer huisves hierdie tuiste ook ons nuwe betaalmuur. Of eerder betaalbrug, soos ons vriendin dr. Ilse Trautman, hoof van navorsing by die Wes-Kaapse department van landbou, altyd aandring om dit te noem. Dis immers 'n brug tot alles wat ons by *Landbouweekblad* doen, alles op een plek.

Ons landbouboeke, spesiale tydskrifte, webinare, TV-episodes van *Landbouweekliks*, 'n nuwe weerfunksionaliteit, 'n opsie om na artikels te luister, 'n tydskrifargief, noem maar op, dis daar.

Oor die jare heen, namate die landbou verander het, moes *Landbouweekblad* saam verander om ons boere te kan bedien.

Met die verwoestende veldbrande in die Noord-Kaap en die Vrystaat, gesels ons onlangs met Neil de Klerk van GWK oor hoe mens kan help. Boere was immers weer op hulself aangewese.

Vinnig word daar 'n webinaar met Nicol Jansen van Agri Noord-Kaap gereël. Wat is 'n boer se opsies wanneer sy plaas afbrand? Waar kry boere hulp? Watter voeding sal diere deurtrek? Wat van versekering? Hoe voorkom ons sulke brande in die toekoms? En hoe kry ons meer hulp? Meer Jahn Hohnes, uitvoerende hoof van Ekapa Mining in die Noord-Kaap, wat ruim en onbaatsugtig tot GWK se hulpfonds bygedra het? Hou maar ons platforms dop, die bemarking is op pad.

Die week daarop, op 11 Oktober, is ons betrokke by die LRF-Veeskool by Aldam, seker die beste byeenkoms oor beesboerdery in die land.

Die wêreld se heel beste koppe in die beesbedryf kom dan in die Vrystaat en virtueel bymekaar om beesboere uit die hele Suider-Afrika toe te spreek oor hoe internasionale beste praktyke hulle kan help om meer geld te maak.

Die week daarna, op 21 Oktober, help ons met die bekendstelling van SA PALS in Mbombela in Mpumalanga. Sonder twyfel die doeltreffendste grondhervormingsinisiatief in Suid-Afrika – boere van Ceres het dit immers staan gemaak. 'n Vennootskapmodel tussen swart en wit boere wat 'n werklike wensituasie vir albei partye bewerkstellig. En met al die bedrading deesdae gereed, kan sulke projekte betreklik vinnig uitgerol word.

En wanneer al dit alles oor is, sal jy dit weer op *Landbouweekblad* se digitale tuiste kan gaan beleef. Hopelik lewer dit alles 'n beskeie bydra om ons boere op hul plase te hou, sodat hulle doen wat hulle die beste doen – boer.

Maar vir eers wag die grootbekgeelvis. – **CHRIS BURGESS**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.